

JANUARIE 2019

Kom ons bid vir:

Week	Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1			1	2	3	4	5
			God se seen in 2019 en verdraagsaamheid onder die mense van Suid-Afrika	Reën! Vir ons droogte geteisterde gebiede en ons leë reservoires	Die vermoë om <u>een</u> dag geen negatiewe gedagtes te koester en uit te spreek teenoor ons land se leiers nie	Ons land se leiers – sodat hulle wysheid sal hê om in liefde en onbaatsugtigheid te lei	Die mens wat die naaste aan jou is. Jy en God weet wat hierdie mens se behoeftes is
2	6	7	8	9	10	11	12
	Elke mens wat môre weer begin werk na die jaarlikse verlof. Bid vir entoesiasme en energie om God se lig te laat skyn	Elke kind in ons land. Dat hierdie kinders deur God geïnspireer en beskerm sal word en Sy nabyheid sal beleef	Ons kinderbediening. Dat God ons lei en toerus om met hierdie kinders te werk sodat hulle waarlik vir Jesus deur ons kan beleef	Die skooljaar wat heropen. Dat elke nuweling tuis sal wees en dat elke kind 'n goeie maatjie sal hê wat die slegte dae beter maak	Ons jeug en ons jeugbediening. Vir vuur en passie in die Diens@6 en dat ons tieners 'n ware soeke na God en Sy waarheid sal ervaar	Die vermoë om die Eie Ek te kruisig en die ander wang te draai as ons te na gekom word	More se erediens. Laat ons God se teenwoordigheid op 'n spesiale wyse sal beleef en ervaar
3	13	14	15	16	17	18	19
	Die soeke na die medeleëraar wat vir ons gemeente deur God bestem is	Elke bejaarde wat alleen is; dat ons hierdie nood kan raaksien en dat ons bereid sal wees om van onself te gee	'n Wag voor ons monde. Laat ons elke woord oorweeg en bewus wees van die mag wat ons tonge het	Die vermoë om vandag te strewe om waarlik vriendelik te wees en opreg belang te stel in die mense wat ons teëkom	Die Seniors se vrugtefees!	Elke lid van die musiekbediening vir vreugde en seën sodat die gemeente ook vreugde en seën uit hulle bediening put	Die week van Gebed. Dat elke bidder die Gees sal ervaar en toegewyd en effektief sal bid
4	20	21	22	23	24	25	26
	Die finansvergadering en wysheid om die gemeentefondse aan te wend volgens God se wil	Ons kleingroepe. Vir ware sinvolle omgee en uitreik in ons kleingroepe sodat ons waarlik 'n verskil kan maak en mekaar dra en onderskraag	Ons renosters, olifante en seelewe wat wreed gestroop word en die rommel wat gestrooi word. Bereidwilligheid om self rommel op te tel	Die matrikulante van 2019 – vir wysheid, insig, dissipline en selfbeheersing	Elke ouer sodat hulle kinders kan grootmaak in die vrese van die Here en hulle op die regte pad lei deur die voorbeeld wat hulle stel	Elke grootouer sodat hulle bidders vir hulle families kan wees	Die wil om God se wapenrusting aan te trek sodat ons parate soldate kan wees
5	27	28	29	30	31		
	Ons leraar. Help om sy hande omhoog te hou	Ons Ravah span. Bid Sy seën oor hulle onbaatsugtige liefdegawe en seën oor hulle gesinne en lewens	Elke pasiënt met verminkende brandwonde. Vir genesing en aanvaarding en geestelike groei	Elke mens wat vasgevang is in die kettings van verslawing – volkome verlossing van hierdie boeie	Vir elke boer wat in vrees en onsekerheid lewe oor grond onteiening		